HOOFSTUK VYF

GEVOLTREKKINGS, AANBEVELINGS EN MOONTLIKE TERKORTKOMINGE

5.1 INLEIDING

Kwantitatiewe navorsing is in die voorafgaande ondersoek verduidelik en benut om die leser bewus te maak van die middelkinderjare kind se lewensfase. Vir dié rede is ‘n literatuurstudie onderneem om sodoende ‘n teoretiese perspektief te bied waarbinne sowel aggressie as musiek verken en beskryf is. Die Gestaltspelterapeutiese benadering is as teoretiese raamwerk vir die studie geselekteer, vanwee die holistiese perspektief wat dit insluit ten opsigte van die emosionele, kognitiewe, fisiologiese en sosiale funksioneringsterreine van die kind oor die geheel. Aggressie, die voorkoms daarvan tydens die middelkinderjare asook die invloede vanuit Gestalt is kortliks uitgespel, terwyl musiek en Gestalt, asook hoe dit aansluiting vind by dié kind, verken en beskryf is.

Ter aanvulling van die literatuurstudie is ‘n relevante empiriese ondersoek vanuit ‘n kwantitatiewe navorsingsproses onderneem. Die een klas Graad vier-leerders is as ‘n groep kinder-respondente tydens ‘n aantal eksperimente betrek.

Met behulp van die literatuurstudie en empiriese ondersoek word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak ten opsigte van die effek van musiek op die aggressiewe laerskoolkind vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese raamwerk. Aangesien teorie en hipotese-toetsing die vertrekpunt van kwantitatiewe navorsing is, word daar meer spesifiek gefokus op die beantwoording van die navorsingsvraag en -probleem, asook die doelstelling en doelwitte vir die bereiking van die navorsing.

5.2 NAVORSINGSVRAAG EN -PROBLEEM ASOOK DIE DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

Vir kwantitatiewe navorsing, die beantwoording van die navorsingsvraag en met die oog op die geformuleerde hipotese, het die navorser van meerdere data-

insamelingsmetodes gebruikgemaak. (Vergelyk De Vos, 2002:364; Babbie, 2002:113.) Die navorser het teoretiese data vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese benadering vir praktiese beoefening beperkend gevind. Vir dié rede was die inligtinginsamelingsproses deeglik gedoen. Die konsepsuele teoretiese raamwerk is saamgestel vanuit bestaande navorsingsbevindinge en -inligting wat bekom is met behulp van eksperimente. Dié inligting is ook met mekaar vergelyk. Bogenoemde inligting behoort dus bruikbaar te wees vir toekomstige navorsing as ‘n voorgestelde prototipe hulpmiddel vir die benutting van musiek as ‘n kommunikasiemedium om die aggressievlakke by die laerskoolkinders tydens hulpverlening te hanteer.

Die navorsingsprobleem wat die studie gerig het, was dat sover vasgestel kon word daar min navorsing bestaan oor die benutting van die effek van musiek om aggressie by die laerskoolkind vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese raamwerk aan te spreek (Hoofstuk 1:3:7). Vanuit die navorsingsprobleem wat ook die doel bepaal het, het die volgende vraag by die navorser ontstaan, naamlik: Wat is die effek van musiek as ‘n hulpmiddel vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese perspektief op die aggressievlakke van die laerskoolkind? (Vergelyk ook Hoofstuk 1:5:9.). Die hipotese wat vir hierdie studie geformuleer is, is dat indien musiek binne ‘n Gestaltspelterapeutiese raamwerk as hulpmiddel gebruik word, dit ‘n effek hê op die aggressiewe laerskoolkind sal hê.

Soos vanuit die algemene inleiding en bogenoemde navorsingsvraag blyk is die volgende doelstelling geformuleer, naamlik, om musiek as medium te gebruik vir die aggressiewe laerskoolkind binne ’n Gestaltspelterapeutiese raamwerk. Hieruit het die volgende doelwitte voortgevloei, naamlik om die volgende temas te verken en te beskryf. Tydens die:

- eerste fase van die navorsingsproses is eerstens ‘n literatuurstudie onderneem met vier sentrale temas as fokuspunt. (Vergelyk ook hoofstukke 2 en 3.) Dit sluit die konsepsuele verkenning, verfyning en beskrywing in van:
- die oorsake van aggressie as verskynsel;
- die benuttingswaarde van musiek as ‘n universele kommunikasiemedium;

- ‘n Gestaltperspektief op musiek en aggressie; en
- die invloed van aggressie en musiek op die kind in die middelkinderjare.

- In die **tweede fase** van die proses is eksperimente gedoen met ‘n klas Graad 4 leerders van Onze Rust Laerskool om die effek van musiek op aggressie te toets. Die stappe van die aangepaste enkstelselontwerp (A-B-A-B) is benut om inligting vanuit die praktyk te bekom en verskille en verbande tussen die teorie en praktyk te bepaal. Dié inligting insake die navorsingsmetodologie ten opsigte van die empiriese studie word in Hoofstuk 4 aangebied.

- In ‘n **derde fase** word ‘n prototipe riglyn saamgestel en aanbevelings gemaak vir verdere navorsing en praktykbeoefening oor die effek van musiek op die aggressievlakke van die kind in die middelkinderjare.

5.3 GEVOLGTREKKINGS

Die onderstaande gevolgtrekkings word gemaak vanuit die bestaande navorsingsprobleem, -vraag, hipotese en doelstelling van die studie. Die doelwitte wat hieruit voortgevloei het, word vervolgens aangespreek en behels die volgende:

Doelwit 1: Om ‘n literatuurstudie uit te voer ten einde ‘n teoretiese grondslag te verkry

Die uitvoering van ‘n literatuurstudie was belangrik sodat bestaande navorsingsdata weergegee kon word met betrekking tot die oorsake van aggressie, die benuttingswaarde van musiek, die Gestaltspelterapeutiese perspektief daarop asook die invloed van die voorafgaande op die kind in die middelkinderjare.

5.3.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die literatuurstudie

5.3.1.1 **Aggressie en woede** is skynbaar baie wisselend soos verwys is daarna in Hoofstuk 2. Daar bestaan groot kontroversie oor die ware etiologie van aggressiewe gedrag – of dit gemodelleer word en of dit ‘n genetiese basis het. Volgens die navorser is dit nie die een of die ander nie, maar ‘n integrasie van veel meer moontlike oorsake. Vanuit die navorsingsbevindinge kan die

genetiese faktore nie bepaal word nie, maar blyk dit duidelik dat die laerskoolkind oor bepaalde vermoëns beskik om aggressie te hanteer. Dit blyk dus dat indien ‘n kind oor meer kennis ten opsigte van gevoelens, met spesifieke verwysing na aggressie, en insig oor sy persoonlike proses beskik, hy positiewe alternatiewe vir die hantering van aggressie tydens die middelkinderjare sal kan aanleer. Sodoende sal hulle ook tydens die ander lewensfases dit suksesvol kan toepas.

Beide seuns en dogters tree vyandig en aggressief op, maar hulle openbaar dit op uiteenlopende wyses. Dogters se aggressiewe gedrag is nie so sigbaar soos dié van seuns nie en hul fokus meer op ekspressiewe- of verhoudingsaggressie, aldus Crick en Grottpeter (in Shaffer, 2002:493). Seuns sal meer geneig wees om te slaan, te beledig of enige uiterlike vorm van aggressie openbaar (Shaffer, 2002:493). Teoretiese kennis ten opsigte van die genetiese oorsake asook soorte aggressie soos instrumentele, vyandige- en verhoudingsaggressie maak dit vir hulpverlening meer bruikbaar.

5.3.1.2 Musiek skep ‘n sekuriteitsomgewing waardeur die kind binne verhoudings veilig kan voel, aldus Bunt (1994:104). Die waarde hiervan word nie altyd besef nie. Musiek het in hierdie navorsing bygedra tot ‘n groeps- en samehorigheidsgevoel en dat daar op ‘n ontspanne wyse verhouding gebou kon word. Musiek lei tot sensoriese kontak deur middel van die sintuie (Bunt, 1994:22). Musiekbeluistering is een van die sleutelaspekte wanneer musiek as hulpmiddel aangewend word. Dit het verder op ‘n kognitiewe, fisiologiese en emosionele vlak ‘n uitwerking op die kind en daarom is kennis en begrip ten opsigte van enige beluisteringsaktiwiteit belangrik, aangesien dit ‘n rol in terapie kan speel.

Musiek het vanuit die bestaande literatuur ‘n definitiewe impak op die verskillende ontwikkelingsareas soos die emosionele, kognitiewe, fisiese en sosiale dimensies en het tot die volgende gevolgtrekkings gelei.

Musiek is, wat die emosionele effek betref, ‘n kragtige hulpmiddel om die kind behulpsaam te wees om sy emosies te identifiseer, uit te druk, deur te werk en nuwe hanteringsmeganismes aan te leer. Die klanke van musiek bied 'n helende krag en maak die belewenis van emosies moontlik, wat dan weer met behulp van die brein die uitdrukking daarvan moontlik maak (Pavlicevic, 1997:20). Die emosionele betekenis van musiek verwys eerder na die resultaat van die kind se individuele interpretasie, as na die resultaat van die musiek self (Harris in Nicol, 1996:18). Betekenisgewing en emosies wat ontlok word, hang egter af van die kultuur, agtergrond, denkbeelde en verlede van die kind wat daarna luister (Scarantino in Nicol, 1996:18; North & Hargreaves in Cook & Dibben, 2001:97) en behoort deel van die navorser en spelterapeut se verwysingsraamwerk te wees. Die gevolgtrekking waartoe die navorser ten opsigte van toekomstige navorsing en hulpverlening kom, is dat ‘n besluit, gedrag of reaksie deur ‘n emosie gerig word. Dié emosie behoort egter geïdentifiseer, uitgedruk en deurgewerk te word. Indien nodig sal musiek en die brein se funksionering as hulpmiddel benut kan word om die emosie te beleef en/of te verander.

Ten opsigte van die kognitiewe effek van musiek, het dit ‘n uitwerking op sowel die emosionele as die kognitiewe in die sin dat die brein dit verwerk wat in werklikheid deel is van die kind se fisiese ontwikkelingsvlak. Eerstens ontstaan daar kognitiewe of neurologiese prosesse wanneer daar na musiek geluister word. Tweedens is daar die kognitiewe prosesse waardeur betekenis aan die ervaring en kennis wat opgedoen word saam met die musiek, gegee word. Volgens die laasgenoemde proses verwys dit na die denkproses waardeur 'n kind tydens hierdie lewensfase in staat is om elke situasie te deurdink en waarde daaraan te heg, betekenis daaraan te gee, oortuigings te vorm en 'n houding te bepaal (Bryant in Van Schalkwyk, 1998:45). Musiek stimuleer en verhoog die aandagspan en kontak met die self, wat dus kan lei tot die kind se verhoogde emosionele bewussyn en om

sodoende daardeur kommunikasie, uitdrukking of gedragsreaksies moontlik te maak.

Deur middel van onlangse navorsing is bevind dat die stimulering van die kind se sintuie, as deel van die fisiese effek, met behulp van musiek, deel kan vorm van die helingsproses. Berger (2002:11) sluit die kind se liggaam as geheel in wanneer sy musiek beskryf as musiek van die lewe, wat die kind ervaar of beleef met sy hele liggaam. Oaklander (1988:114) is van mening dat die proses waardeur ‘n persoon bewus word van klank, juis die eerste stap is van kontakmaking en die begin van die kommunikasieproses. Op ‘n ontspanne wyse en binne ‘n veilige omgewing kan hy gelei word om kontak te maak met sy emosies en om dit te identifiseer.

Portuurgroepverhoudinge raak al hoe belangriker tydens hierdie lewensfase, wat meebring dat dit nie net meer die ouers se mening is wat vir die kind van belang is nie. Die benutting van musiek en die sosiale effek daarvan kan die kind tot maksimale groepsinteraksie aanmoedig, aangesien dit op die ritme van sy liggaam 'n effek het. Verder vind musiek aansluiting by spel deurdat dit die waarde daarvan tussen ander en vir die kind in die middelkinderjare lewensfase beklemtoon en selfs verhoog.

5.3.1.3 Die Gestaltbenadering as teoretiese basis asook die Gestaltspelterapeutiese perspektief met die oog op toekomstige praktykbeoefening, is tydens die navorsing as vertrekpunt geneem. Dit het met behulp van musiek daartoe bygedra om die groep kinder-respondente bewus te maak van hul emosies van woede. Die Gestaltproses het tydens die empiriese navorsing deur middel van vyf eksperimente daartoe bygedra dat die kinder-respondente meer bewus geraak het van emosies van blydskap, kwaad, hartseer, trots en vrees. Die unieke proses van elke kind in die middelkinderjare lewensfase, asook sy “voorgrond-behoefte”, behoort as maatstaf te dien vir die bepaling van die spelterapeutiese fase en die

hoeveelheid sessies waar musiek en ander projeksietegnieke as hulpmiddels aangewend kan word vir die bewusmaking van sy emosies.

Spel, met musiek as ‘n hulpmiddel, is die kind se natuurlike kommunikasiemedium. Vanuit die literatuur en met behulp van die Gestaltspelbenadering blyk dit dat sy selfbewussyn deur middel van spel en musiek doeltreffend aangespreek kan word. Spelvorme en -tegnieke is sover vasgestel kon word, slegs in ‘n terapeutiese milieu benut en navorsingsdata ten opsigte van groot groep kinder-respondente is onbekend. Vanuit navorsingsdata (Ferreira en Read, 2004:227-233) is bevind dat vyf spelvorme, naamlik, ontspannende, biblio, kreatiewe, assessering- en gedramatiseerde spel, sinvol aangewend kan word om die kind se emosionele selfbewussyn aan te spreek.

Die feit dat hulle hul emosies op papier deur middel van gesiggies kon weergee, het vir hulle toestemming gegee om hierdie emosies te mag ervaar, sonder dat ‘n volwassene hul oordeel of ‘n waarde daaraan toedig byvoorbeeld: “Jy was nou lank genoeg kwaad”. Hierdie deel van die proses het ook daartoe bygedra dat hulle waarskynlik vir die eerste keer sonder inmenging van ‘n volwasse persoon kon keuses maak en daardeur bemagtig kon word. Die respondente het dus ook die geleentheid gehad om binne die Gestaltproses die polariteit van aggressie te beleef.

Selfvertroeteling is ‘n belangrike behoefte van elke kind en neem tydens Gestaltspelterapeutiese hulpverlening ‘n spesifieke plek in. Dit het ook deel geword van die proses in die sin dat elkeen ‘n geleentheid gehad het om te bepaal watter musiek rustigheid uitdruk, of watter musiek hulp verleen sodat die kind homself kan uitleef. Bunt (1994:106) se mening word ondersteun dat terapeutiese hulpverlening met genotvolle musiek afgesluit behoort te word.

5.3.1.4 Die kind in die middelkinderjare lewensfase beskik oor die vermoë om emosioneel buigsaam op te tree (Louw et al., 1998:343). Die kind leer om sy emosies uit te druk, te beheer, te onderdruk of weg te steek (Blom, 2004:245). Musiek het in die navorsing die laerskoolkind geleentheid gebied om tot insig te kom deur dit waarvan hy hou te beklemtoon soos die klanke en ritme. Dit kon ook sodoende benut word om sy eie negatiewe gevoelens te verlig. Musiek vir die laerskoolkind is dus ‘n waardevolle hulpmiddel om sy emosies soos blydskap, woede, hartseer, trots en vrees nie-verbaal uit te druk en van selfsteun gebruik te maak. Die kind se emosionele belewenis word te dikwels deur die onderwyser of ouer geïgnoreer omdat kennis en insig ontbreek, naamlik, dat ‘n emosie meestal (foutiewelik) gedrag, reaksies en kommunikasie rig. Om te luister na musiek en om musiek te maak, kan gekoppel word aan prosesse in die fisiese, intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling van 'n kind.

Doelwit 2: Eksperimente om die effek van musiek op aggressie te toets.

Die empiriese ondersoek is uitgevoer deur middel van vier eksperimente wat op ses-en-twintig tienjariges uitgeoefen is. Die basiese eksperimentele enkstelselontwerp (A-B-A) is gebruik as navorsingsmetode.

5.3.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot die eksperimente

- Die waarde van die basiese eksperimentele enkelstelselontwerp lê daarin dat die onafhanklike veranderlikes beheer kan word, waardeur potensiële verwarring verminder word (Huysamen, 1993:24). Vir die doelstellings van hierdie ondersoek, het dit die interne vertrouenswaardigheid verhoog.

- Die selfdoen-prosedure van die enkelstelselontwerp het die navorsingsproses bevoordeel. Verder het die feit dat die resultate onmiddellik beskikbaar was, dit

moontlik gemaak om wysigings te enige tyd gedurende die toepassing aan te bring.

- Die navorsingshipotese vir ‘n kwantitatiewe studie is ‘n positiewe stelling oor die verband tussen veranderlikes, naamlik, dat indien musiek binne ‘n Gestaltspelterapeutiese perspektief as hulpmiddel aangewend kan, dit ‘n effek op aggressie sal hê. Die basiese eksperimentele enkelstelselontwerp het daarom hierdie navorsing die beste gepas.

- Die kwanitatiewe proses het ondersteuning gebied vir die bereiking van die doelstelling en doelwitte van hierdie navorsing. Hierdeur kon die hipotese as waar bewys word en gevolgtrekkings gemaak word.

Doelwit 3: ‘n Prototipe saamgestelde riglyn vir verdere navorsing en praktykbeoefening

5.3.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die prototipe saamgestelde riglyn

Die gevolgtrekking waartoe hierdie studie kan kom, is dus dat musiek wel ‘n effek het op die aggressiewe laerskoolkind en dat die Gestalspelterapeutiese raamwerk daartoe bygedra het om die respondente bewus te maak van hul aggressie en die hantering daarvan.

5.4 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die voorafgaande studie en gevolgtrekkings word daar aanbeveel dat:

- literatuur vanuit die teoretiese aspekte rakende die ontwikkeling van die middelkinderjare kind, sy vaardighede en behoeftes, vermoëns en kwaliteite, beslis deel van die Gestaltspelterapeut se verwysingsraamwerk behoort te wees en ook aan ouers en onderwysers beskikbaar gestel moet word.

- die benutting van musiek tydens verhoudingsbou, sensoriese kontak, bewusmaking van emosies asook, om gesprekvoering in te lei, vanuit die Gestaltbenadering verder deur navorsers ondersoek en beskryf behoort te word vir toepassing in die klassituasie,

- musiek benut word om op ‘n ontspanne wyse verhoudings te bou, om sodoende by te dra tot ‘n groeps- en samehorigheidsgevoel in ‘n klassituasie;

- musiek benut word deur Gestaltspelterapeute tydens verhoudingsbou en sensoriese kontakmaking.

- Die prototipe saamgestelde riglyn vir die effek van musiek deur spelterapeute benut word tydens hulpverlening aan die aggressiewe laerskoolkind en beslis vir navorsingsdoeleindes.

5.5 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

- Die empiriese studie van hierdie navorsing het spesifiek gefokus op aggressie by die kind tydens die middelkinderjare. Ten opsigte van toekomstige navorsing sou dit van waarde wees om die manifestering van woede en aggressie by die kind in ander ontwikkelingsfases, soos byvoorbeeld die kleuter en adolessent, verder te ondersoek.

- Die effek van musiek binne ‘n Gestaltspelterapeutiese proses behoort ook verder ondersoek te word.

5.6 MOONTLIKE LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die navorser se bewustheid ten opsigte van bepaalde leemtes van die studie is tydens die uitvoering van bogenoemde doelwitte aangespreek. Dit is noodsaaklik om die leser se aandag te vestig op die volgende leemtes.

- Die groep- of klassituasie het vertroulikheid in die wiele gery. Sommige kinders se gevoel van beheer is moontlik ook in die groep bedreig.

- Die steekproef was klein en ook beperk tot kinders tussen die ouderdom van tien- en twaalf jaar. Gevolglik kan die bevindings nie veralgemeen word nie.

- Die effektiwiteit van die navorsing kan ook verbeter word indien ander spelterapeute genader kan word om die empiriese ondersoek in verskillende milieus uit te voer. Ander opleidingsinstansies kan ook genader word om die effektiwiteit verder aan te spreek.

- Die navorsingsresultate kan verhoog indien daar ook van ‘n kontrole-groep gebruik gemaak word.

5.7 ALGEHELE KONKLUSIE

Die Gestaltspelterapeutiese benadering is as konteksuele raamwerk in hierdie navorsing gebruik waarbinne musiek as hulpmiddel vir die aggressiewe gevoelens van die laerskoolkind aangewend is.

Vanuit die holistiese benadering van die Gestaltteorie het sowel aggressie as musiek ‘n invloed op die ontwikkelingsareas, naamlik die emosionele, fisiese, kognitiewe en sosiale, van die kind in die middelkinderjare lewensfase. Die eksperimentele enkelstelselontwerp is as navorsingsmetode benut as deel van die kwantitatiewe ondersoek. Die gevolgtrekking waartoe in hierdie studie gekom kon word is dat musiek binne die konteks van die Gestaltbenadering suksesvol benut kan word in die hantering van woede en aggressiewe gevoelens by ‘n groep laerskoolkinders.